Apstreke



Brice Reignier · Magriet Kruger · Wilna Combrinck

Aapstreke

Hierdie boek behoort aan

_____

bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Aapstreke
(Monkey Business)
Illustrated by Brice Reignier
Written by Magriet Kruger
Designed by Wilna Combrinck
Translated by Magriet Kruger (writer)
with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 14 October 2023.

ISBN: 978-1-77623-117-1

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.



In die veld is daar ’n
klomp verskillende diere:

groot en klein,
vinnig en **s t a d i g.**

Maar elke dier
speel ’n rol.

En as hulle iets kry, trompetter hulle vir hul vriende:

toet-toet!

Olifante het lang neuse wat ons slurpe noem. Hulle gebruik dit om water mee uit te snuffel. Hulle kan drinkgoed opspoor selfs waar daar niks te siene is nie.



Renosters hou van roetine.

Hulle volg dieselfde roetes

oor

en

oor,

en maak wye paadjies soos hulle deur die bosse **bars**.



Seekoeie eet graag soet, groen gras,
en sommer baie daarvan.

Nom-

nom-

nom.

Hulle hou die gras langs die rivier kort
sodat dit makliker is om by die water uit
te kom.

Maar wat van apies?

O, apies se werk is **veral** belangrik.

Van sonop tot sononder is
hulle aan die gang –

hulle klim,
slaan
bollemakiesie

en soek kos.

Apies hang aan hul
voete van die bome af,
en bekyk die wêreld

onderstebo.



Hulle

swaai

van tak tot tak in
groepe van twee, drie
en vier op ’n slag.

**Dis nou
pret!**

Ma-apies kan dit alles doen
met ’n baba wat aan hul maag
vasklou. Wat sien die kleintjies van

daar onder af?

As hulle ’n happie soek,

pluk apies
sommer ’n vlooi

van ’n tjommie se rug af.

En as hulle moeg en warm is, dan

plons

hulle in die water.

Wat is die belangrike
werk wat apies doen?
Hulle speel heeldag lank.

**En dis
harde werk!**